MIMI GREYLING
Rekenmeesters
Ingelyf

'n Persoonlike Professionele Diens

SARS se proses met betrekking tot Outomatiese Aanslae

SARS reik outomatiese aanslae uit aan individue, waar al hulle relevante belastinginligting deur derde partye, reeds aan SARS verskaf word. Dit sal insluit individue wat 'n salaris verdien, aan 'n mediese fonds behoort en bydraes maak tot 'n aftreefonds. Hierdie inligting behoort reeds op jou belastingprofiel te verskyn en stel SARS in staat om 'n geskatte aanslag uit te reik.

SARS se proses vir belastingjaar geëindig 28 Februarie 2022, is as volg:

- 'n SMS en/of epos sal na die kontakpersoon op SARS se rekords gestuur word, om u in kennis te stel dat 'n geskatte aanslag (ITA34) uitgereik is.

- Indien daar 'n uitbetaling verskuldig is aan die individu, sal dit binne 72 besigheidsure na die kennisgewing, uitbetaal word in die bankrekening op rekord.

- Die belastingbetaler word vanjaar slegs **40** besigheidsdae gegun om die geskatte aanslag na te gaan vir volledigheid en akkuraatheid. Indien daar addisionele inligting bygevoeg moet word, vereis dit dat daar net 'n nuwe opgawe aangevra word voor die verstryking van hierdie 40 dae. Die sperdatum van hierdie nuwe opgawe is dan 24 Oktober 2022.

## Waarvan moet u as belastingbetaler kennis neem?

- In die meeste gevalle trek al die derde party inligting volledig deur, maar ons het al gevalle gehad waar mediese- en aftreefonds sertifikate nie suksesvol deurgetrek het nie. Dit is daarom uiters belangrik om ons nogtans te voorsien van al u belastingsertifikate, sodat ons die akkuraatheid en die volledigheid van u opgawe kan nagaan.

- Indien u ekstra kwalifiserende mediese uitgawes self betaal het, en wat nie deur die mediese fonds op u belastingsertifikaat aangetoon is nie, kan u moontlik kwalifiseer vir 'n addisionele terugbetaling.

- Individue wat enige vorm van 'n voertuigtoelaag by sy/haar werkgewer ontvang het, moet ons voorsien van 'n logboek wat die besonderhede van die besigheidskilometers uiteensit. Dit is uiters belagrik dat hierdie logboek

voldoen aan die voorgeskrewe SARS formaat. Dit is krities dat dit in die regte formaat is aangesien die SARS ouditeure baie aandag hieraan skenk. U kan ook 'n voorbeeld van hierdie logboek vanag ons webwerf aflaai. www.mimigreyling.co.za

- Indien ons nie binne die 40 besigheidsdae gereageer het op die geskatte aanslag nie word dit as die finale aanslag aanvaar en indien daar dan veranderinge aangebring moet word sal ons vertoë moet rig teen die aanslag. Hierdie proses is omslagtig en heelwat duurder. Dit gaan ook die uitbetaling van enige terugbetalings aansienlik vertraag.